Wat sê jou perd se tande van sy ouderdom?

***deur* Dr Paul van Dam**

Hoe weet jy jou perd is al drie? En hoe weet jy die perd wat by die buurman loop, is nie al tien nie? Hierdie is 'n ingewikkelde onderwerp die volgende bespreking is primêr daarop gemik om 'n riglyn te wees waarvolgens jy kan onderskei tussen perde wat te jonk is om deel te neem en perde wat oud genoeg is vir deelname.

Kom tande uit, of wat? Om die kampvuur hoor mens dikwels opmerkings soos "Die middelste snytand kom uit as 'n perd 2½ jaar oud is" of "Die derde snytand het uitgekom, so die perd is nou 4½." Maar nee, tande kom nie uit nie!

Wanneer mens verwys na baba- of tydelike tande, verwys ons na die "sny" van die tand – wanneer die tande deur die tandvleis "sny" of sigbaar word. Permanente tande neem die plek van die tydelike tande in – die ou tand word "gewissel" vir 'n nuwe een.

Perde kry twee stelle tande in hul leeftyd. Die tydelike (eerste stel) tande, sny sedert of selfs voor geboorte tot ongeveer agt maande ouderdom. Die permanente tande begin die tydelike tande vervang vandat perde 2½ jaar oud is. Teen ongeveer vyf jaar, het perde 'n volledige stel permanente tande. Hingste het gewoonlik 40 permanente tande, terwyl dit by merries wissel van 36-40. Merries het gewoonlik nie oogtande nie. Die ouderdomme waarop tande sny en wissel, word in *Tabel 1* aangedui.

TABEL 1: Ouderdom waarop tande sny en wissel

Tydelike (baba-) tande	
1ste snytande	Geboorte of 1ste week
2de snytande	4-6 weke
3de snytande	6-9 maande
1ste, 2de en 3de premolare	Geboorte of eerste twee weke vir alle premolare
Permanente (volwasse) tande	
1ste snytande	2 ½ jaar
2de snytande	3 ½ jaar
3de snytande	4 ½ jaar
Oogtande	3-5 jaar
Wolftande (1ste premolaar)	5-6 maande
2de premolaar	2 ½ jaar
3de premolaar	3 jaar
4de premolaar	4 jaar
1ste molaar	9-12 maande
2de molaar	2 jaar
3de molaar	3 ½ - 4 jaar

Ouderdom 2½ jaar

Die eerste permanente snytand het gewissel. Die tweede en derde snytande aan elke kant is nog tydelike tande en is gewoonlik witter van kleur.



Ouderdom 3 jaar

Die eerste stel permanente snytande is nou in kontak – die tande van die bo- en onderkaak raak aanmekaar. Die tweede en derde snytande aan elke kant is steeds tydelike tande.



Ouderdom 3½ jaar

Die tweede stel permanente snytande het nou gewissel. Die eerste stel permanente snytande is vol in kontak en begin slytasie wys. Die derde snytand aan elke kant is steeds tydelike tande.



Ouderdom 4 jaar

Die tweede stel permanente snytande raak nou aanmekaar. Die derde snytand aan elke kant is steeds tydelike tande. Die oogtand of "haak" sny ook gewoonlik nou, maar kan vroeër of later ook sny.



Ouderdom 4 ½ jaar

Die derde stel permanente snytande het nou gewissel. Die tweede stel permanente snytande is vol in kontak en wys tekens van slytasie.



Ouderdom 5 jaar

Die derde stel permanente snytande se voorste punte raak nou aanmekaar – maar net die voorste punte.



Ouderdom 6 jaar

Die derde stel permanente snytande raak nou heeltemal aanmekaar, maar toon nog nie veel tekens van slytasie nie.



Ouderdom 7 jaar

Die derde stel permanente snytande is vol in kontak en toon tekens van slytasie. Die agterste punt van die boonste derde snytand maak 'n hakie (daar waar die pyltjie wys). **SAH**